LAERSKOOL
DANIE MALAN
012 546 1358
navrae@daniemalan.co.za
www.daniemalan.co.za
Koos de La Rey straat 279, Pretoria Noord

# OMSENDBRIEF 6 – MAART 2021

**Geagte ouers**

Baie geluk aan Me. B. Liebenberg wat op 21 Maart verjaar.

**DATUMS VIR KWARTAAL 1 VAN 2021:**

| | |
|---|---|
| 22 Maart | Publieke Vakansiedag - Menseregtedag |
| 23 Maart | Vraestel: Afrikaans |
| 25 Maart | Vraestel: Engels |
| 30 Maart | Vraestel: Geskiendenis |
| 1 April | Vraestel: NW/TEG & NW<br>Redenaars video opame ingehandig<br>SKOOL KOM 11:00 UIT. |
| 2 April | PUBLIEKE VAKANSIEDAG - GOEIE VRYDAG |
| 5 April | PUBLIEKE VAKANSIEDAG – FAMILIE DAG |
| 6 April | Vraestel: Geografie |
| 8 April | Vraestel: Wiskunde<br>Atletiek: Liga 7 (Laaste liga) |
| 12 April | Vraestel: EBW |
| 19 April | GF: Gr R – 3 Rapporte + gedragsbriewe na ouers |
| 20 April | GF: Oueraand |
| 23 April | Skool sluit<br>FONDSINSAMELING: HERFSDAG |

**OUD DANIE MALAN LEERDERS PRESTEER**

Baie geluk aan die volgende oud Danie Malanners wat puik presteer het met die 2020 Matriekeksamen.

- Layla Bedingfield – 3 onderskeidings
- Gizela Botes – 3 onderskeidings
- Marné Driescher – 3 onderskeidings
- Zander Nel – 3 onderskeidings
- Zelri Vorster – 4 onderskeidings
- Jeandré van der Nest – 4 onderskeidings
- Rochelle Barwise – 3 onderskeidings
- Chené van Deventer – 5 onderskeidings
- Carla Smith – 5 onderskeidings
- Dylan McMaster – 7 onderskeidings
- Karla Vos – 7 onderskeidings
- Marco Botha – 8 onderskeidings

Danie Malan is vreeslik trots op julle! Sterkte met jul toekoms! Indien u van nog oud leerders weet wat 3 of meer onderskeidings behaal het, laat weet ons asseblief.

**BEHEERLIGGAAMVERKIESING**

Baie geluk aan die nuut verkose ouerlede van die Beheerliggaam:

**1. Lukas van der Schyff**
**2. Karel van Zyl**
**3. Francois Kriel**
**4. Tinus Vos**
**5. Ettienne Beyleveld**
**6. Mauritz van den Heever**

**Dankie aan die 428 ouers wat kom stem het!!**

**HERWINNING:**

Onthou om weekliks herwinningsmateriaal skool toe te bring!

Beste graad sover




Beste klas sover




Top 20 leerders sover




---

**FONDSINSAMELING – DANIE MALAN VAT VLAM**

- DOEL VAN DIE FONDSINSAMELING: Om fondse te genereer vir die finale betaling van ons enkelbankie-projek, om die aansig van die skool op die h/v Jan v Riebeeck en Rachel de Beer op te gradeer en om bystandkrag vir die skool te kry.
- Elke leerder ontvang ‘n borgvorm met 10 lootjies.
- Elke lootjie se waarde is R20 en die waarde van die vorm is R200.
- Indien die leerder 10x lootjies verkoop het, word die leerder beloon met ‘n pakkie skyfies.
- Saam met elke lootjie wat verkoop word, ontvang die lootjie-aankoper ook ‘n pakkie ***SA Braai Broers*** vuuraanstekers (Fire Lighters).
- ‘n Leerder kan 5 pakkies aanstekers op ‘n slag aanvra by sy / haar graadverteenwoordiger. (Indien u meer verlang skryf asb. in u kind se dagboek.)
- Dus moet ‘n leerder sodra hul die helfte van hul lootjies verkoop het die versoek rig vir nog 5 pakkies vuuraanstekers.
- Lootjieverkope sluit op 7 Mei 2021.
- Al die lootjies sal in ‘n geseëlde houer gestoor word tot wanneer die gelukkige trekking plaasvind op 14 Mei 2021.
- Daar sal 5 afsonderlike pryse toegeken word op 14 Mei 2021. Die trekking sal plaasvind vanaf 5de plek en die 5de lootjie wat daardie dag getrek word sal dan die 1ste prys verwerf.
- Die trekking sal behartig word deur ‘n verteenwoordiger van ***SA Braai Broers*** en die skoolhoof.

- Die beslissing van die beoordelaars is finaal.
- Die top 3 verkopers vir elke week sal 'n kontantprys van R100 wen. (Die leerder moet ten minste 2 of meer borgvorms verkoop het in daardie week.)
- Die top 3 verkopers vanaf 7 Maart —7 Mei sal die volgende pryse wen: 1. R2 000; 2. R1 000; 3. R500 (Die leerders moet ten minste 10 boekies verkoop het.)
- Ons sal dit waardeer indien elke leerder probeer om een borgvorm te verkoop.
- Daar is 'n boete van R200 betaalbaar vir elke borgvorm wat verlore geraak het. Ouers moet ook 'n beëdigde verklaring by die polisie gaan aflê indien dit gebeur.

**BULLETJIERUGBY**

Ons as skool is baie opgewonde om die Bulletjies te verwelkom by hul ontwikkelingsprogram op 23 en 25 Maart 2021 (Dinsdag en Donderdag) om 18:00.

Weens Covid-19 regulasies, word geen ouer toegelaat om die skoolgronde te betree nie, maar daar sal 'n vorm wees waarby u, u kind in- en uitteken by die verskeie punte. Die normale regulasies en toegangsbeheer geld. Daar sal 'n puntdiensbeampte wees wat u kind se temperatuur sal meet en die nodige Covid-19 vrae sal vra.

Die 0/6 spelers kan gebruik maak van die Lapa hek.
Die 0/7 spelers kan gebruik maak van die sporthek.
Die 0/8 spelers kan gebruik maak van die hek op die hoek van Jan van Riebeeck en Gerrit Maritz.

Ons weet dat die 'n nuwe tydperk is waarin ons leef. Ons vra asseblief u samewerking en dat u buite die skool ook sal sosiale afstand toepas.

Ons vra ook dat afrigters wat graag wil betrokke raak by die Bulletjies hul name by Mnr. Stuart Botes (Huidige Bulletjie organiseerder) sal opgee - stuartbotes@yahoo.com

Enige persoon wat ook so die taak as Bulletjie Organiseerder wil oorneem kan hul name na Mnr. Johan Kotze stuur - johan@daniemalan.co.za

Ons sien net so uit na die begin van rugby.

**HERFSPIEKNIEK**

Aan die einde van kwartaal 1 wat 23 April gaan wees gaan die leerders in klasverband piekniek hou. Leerders kan vooraf 'n kospakkie bestel wat hul gedurende die piekniek kan nuttig. Daar is vier opsies. Dit is nie verpligtend nie. U kan per EFT betaal en die verwysing is u familiekode en opsie 1/2/3/4. U kan ook deur d6 se E-Wallet betaal. Die opsies sal daar gelys wys. Kies asb. net een opsie.

**Opsie 1: R20**
Corndog
Kingsley koeldrank
Foxi Naks 22g

**Opsie 2: R35**
Toasted Ham & Kaas
Kingsley Koeldrank
Foxi Naks 22g
Mini Sjokolade

**Opsie 3: R45**
Rib burger
Gegeurde Water
Fritos
40g Barone Sjokolade

**Opsie 4: R55**
Hoender burger
Coke/Creamsoda
Lays
5 Star Sjokolade

**ONBEKENDE DEPOSITO'S**

- Die volgende elektroniese betaling ontvang, se verwysingsnommer is foutief en kan nie na die korrekte skoolrekening geallokeer word nie.

| Datum | Verwysing gebruik | Bedrag |
|---|---|---|
| 2021-03-11 | 0103 | R3 000.00 |
| 2021-03-02 | R0367 | R2 000.00 |

- Kontak asb. finansies om regstellings aan te bring.
- Neem asseblief kennis: U moet u familiekode as verwysing gebruik.
- Indien u vir skoolfonds en naskool saam betaal, moet u saam met die familiekode 'n SK vir skoolgeld en NA vir naskool byvoeg.
- Indien u vir iets anders behalwe skoolgeld moet betaal moet u die familiekode en 'n addisionele verwysing soos Behoeftige fonds byvoeg.

Vriendelike groete.

Geniet die week.

Groete

Hettie Smith

Hettie Smith